



BORRELKLUB NUUSBRIEF

Tweede Kwartaal | Uitgawe 16 | Datum: 11 Junie 2019

DIE AFGELOPE SONDAG ..

Omdat Vadersdag in die vakansie val, het ons die afgelope Sondag saam gesels oor pappas. Ons het die baie mooi storie gehoor van die seun wat so slim was en wat 'n baie ryk pappa gehad het. Hy het toe aan die einde van sy universteitsloopbaan gedink dat indien hy sou slaag, sy pa vir hom die duur motor sou koop wat hy al so lank begeer het. Na die gradeplegtigheid het sy pa hom geroep en aan hom 'n pakkie gegee. Hy was baie opgewonde, omdat hy gedink het dat die motorsleutels in die pakkie sou wees. Toe hy dit oopmaak, was dit egter 'n Bybel. Hy was so kwaad dat hy dit net daar neergegooi en weggestap het. Hy het die huis verlaat en is later getroud en het self 'n gesin gehad. Op 'n dag het daar egter 'n boodskap gekom dat sy pa oorlede is en dat hy alles geërf het. Hy moes toe noodgedwonge teruggaan na die dorpie waar hy groot geword het. Terwyl hy so deur die huis dwaal, het hy op 'n koevert afgekrom met sy naam daarop. Toe hy dit oopmaak, val daar 'n motorsleutel uit met 'n briefie waarop staan "ten volle betaal". Hy was natuurlik baie hartseer oor sy optrede soveel jare gelede en oor die feit dat sy pa hom nooit vergeet het nie. Ons Hemelse Vader vergeet ons ook nooit nie, al sou ons soms wegdwaal. Ons vertrou dat al ons pappas 'n baie geseënde en vreugdevolle Vadersdag sal hê en baie bederf sal word!!

GESELS SAAM BY DIE HUIS

*Dink jy dat die seun reg opgetree het teenoor sy pa?

*Dink jy dat sy pa baie na hom verlang het?

*Het sy pa al die jare gehoop dat hy sou terugkom en dat hy hom weer sou kon vashou?

*In Exodus 20 lees ons die Tien Gebooie. Watter een van die Tien gebooie het die seun oortree?



Die skole sluit eerskomende Vrydag, en daarom het ons reeds afgesluit met ons werksaamhede. Ons heropen weer op

Sondag, 14 Julie.

KINDERPINKSTER

Die Here het ons weer die afgelope Kinderpinkster met tussen 17 en 20 maatjies elke aand, geseën. Ons het mos rondom bote in die Bybel gekuier. Elke aand het kaptein Borrels vir ons kom kuier en vir ons bietjie meer vertel van al die soorte dinge wat op 'n boot gebeur. Ons het ook elke aand saam met hom 'n baie lekker speletjie gespeel. Die kinders was baie opgewonde en entoesiasies en het met groot opgewondenheid ook aan die lesse deelgeneem. Ons het geleer dat God Heilig, goed, in beheer, genadig en getrou is. Bubbels en Kareltye Eend het ook kom inloer. Baie dankie aan al die ouers wat hulle kinders vir ons so gereeld na die Kinderpinksterdienste toe gebring het. **GROOT DANKIE OOK AAN MY TWEE WONDERLIKE HELPERS!!**



VAKANSIETYD!!!

Ons wens al ons ouers en kinders 'n baie aangename vakansietyd toe. Hierdie is nou weer 'n wonderlike geleentheid om kwaliteit-tyd saam met hulle deur te bring.

Indien julle as gesin die geleentheid het om weg te gaan met vakansie, geniet elke oomblik en kom veilig terug!!

Hierdie is die laaste Nuusbrieff vir hierdie kwartaal. Die volgende uitgawe is op 15 Julie.